

<b>Waarskuwing teen valse leer (1)</b>	<b>Riglyne vir aanbidding (2-3)</b>	<b>Verdediging teen valse leer (4)</b>	<b>Verpligtinge teenoor ander (5)</b>	<b>Motiewe in die bediening (6)</b>
--	-------------------------------------	--	---------------------------------------	-------------------------------------

Paulus skryf die brief uit Masedonië tussen 62-63nC aan Timoteus, sy opvolger

Dag	Lees
Ma	Hand 16:1-3, Fil 2:19-20
Di	I Tim 1
Wo	I Tim 2
Do	I Tim 3
Vry	I Tim 4
Sat	I Tim 5
Son	I Tim 6

*15Ingeval my koms vertraag word, sal jy dus weet hoe iemand hom moet gedra in die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is die draer en beskermmer van die waarheid (I Tim 3:15)*

Die drie boeke I en II Timoteus en Titus vorm die pastorale boeke. Dis boeke geskryf deur Paulus aan die einde van sy lewe om die volgende geslag leiers, Timoteus en Titus, toe te rus om by hom oor te neem. Ons leer dus baie oor die organisasie van die gemeentelike lewe en die pligte van die leiers van die gemeente.

Paulus benadruk twee aspekte van Timoteus se verantwoordelikhede in die brief:

1. Timoteus as persoon, as dienskneg voor God, het sekere verantwoordelikhede as voorbeeld vir die gemeente (1:3-7; 18-20; 4:6-16 en 5:1).
2. Timoteus se ampspligte – die onderrigting, organisasie en administrasie van die gemeente (hoofstuk 2,3,4 en 6:1-10)

Hoofstuk 1: Paulus waarsku teen dwaalleër. Die ideale gemeente staan dwalleër teen met gesonde leer en kennis van die waarheid – die evangelie van God. (1 Tim 1:15 Lees ook 2:3-5; 4:3).

Hoofstuk 2: Die ideale gemeente word deur ‘n gesonde gebedslewe gekenmerk. Pligte van mans en vrouens in die gemeente word bespreek. Hy beklemtoon dat wanneer daar gebid en gedien word, dit gaan oor die gesindheid van die mens se hart. (1 Tim 2:1,2).

Hoofstuk 3: Die ideale gemeente word deur goeie organisasie gekenmerk. Die vereistes waaraan ouderlinge en diakens moet voldoen word opgenoem. Die vereistes het te doen met die morele en geestelike lewe van die persoon. Hierdie eienskappe het niks met aardse sukses te doen nie, maar het alles te doen met hoe die persoon met God wandel. Die ideale gemeente is ook ‘n draer en beskermmer van die waarheid (1 Tim 3:15,16).

Hoofstukke 4-6: Die ideale gemeente word deur behoorlike administrasie gekenmerk. Versorging van weduwees word hier sterk beklemtoon. Die gemeente is verantwoordelik vir weduwees wat geen naasbestandes het nie. Jong weduwees moet weer trou. Die pligte van ouderlinge, slawe en die wat die gemeente onderrig word ook bespreek.

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde
------------	--------------------	------------------	-----------------------	------------------	----------------	-------------------	-----------	-----------

## Die evangelie van die heerlijkheid van God

Van Paulus, wat Jesus sy Verlosser loof,  
aan Timoteus, my eie kind in die geloof .  
Genade, barmhartigheid en vrede  
van God die Vader en Christus Jesus, die rede. (I Tim 1:1-2)

Daar is mense wat vals leerstellings versprei,  
daarom wil ek hê dat jy daar moet bly.  
Hulle bring net onnodige twis gesprekke mee  
eerder as vorming wat God deur geloof gee. (I Tim 1:3-4)

Hierdie opdrag van my se doel  
is dat ware liefde oor sal spoel.  
So word deur 'n rein hart en goeie gewete  
en 'n opregte geloof, die sinlose stryd vergete. (I Tim 1:5-6)

Hierdie mense is leermeesters van die wet,  
maar vergeet dat dit liefde ten doel het! (I Tim 1:7)

Ons weet die wet is goed en puik  
maar net as ons dit "wettig" gebruik:  
Dis nie vir die wetsgehoorame gegee,  
maar mens meet goddeloosheid daarmee. (I Tim 1:8-10)

Die gesonde leer is nie die hou van die gebod,  
maar die evangelie van die heerlijkheid van God. (I Tim 1:11)  
Ons wat die blye boodskap van Christus het,  
vir ons is liefde die vervulling van die wet.  
(I Tim 1:5,1953; Rom 13:10).

Regverdigmaking (vryspraak) deur geloof alleen,  
Heiligmaking deur die Gees se werk heen,  
lei tot 'n lewe volgens die liefdesgebod.  
Ja, dis die evangelie van die heerlijkheid van God!

Ek was die grootste sondaar, weet jul mos,  
maar Jesus het gekom om sonde te verlos.  
Sien sy verdraagsaamheid en genade vir my  
en weet deur geloof kan jy ook die ewige lewe kry!  
(I Tim 1:15-16)

Aan Hom wat die ewige Koning is,  
wat onverganklik in Sy woning is,  
kom toe die eer en heerlijkheid,  
tot in alle ewigheid! (I Tim 1:17)